



**Wes-Kaapse
Regering**

Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarlikse Prestasie Plan

2014/15

VRYWARING

Die Engelse weergawe van die Jaarlikse Prestasieplan word as die amptelike teks beskou. Die Departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige waninterpretasie wat in die vertalingsproses voorgekom het nie.

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is opgestel deur die Hoofdirekoraat Sakebeplanning en -strategie-, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om bykomende kopieë van die dokument te verkry, tree asseblief in verbinding met:

Die Departementshoof
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
Privaatsak X9112
Kaapstad
8000
Suid-Afrika

Tel: +27-21-4835045

Faks: +27-21-4838802

PR14/2014


ISBN: 978-0-621-42432-4

Naam van Publikasie: Wes-Kaapse Provinsiale Regering, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling: Jaarlikse Prestasieplan 2014/15.

TOLVRYE NOMMER: 0800 220 250 WEBWERF: <http://www.westerncape.gov.za>



Organisational Organogram



Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan is gebou op provinsiale beleidsprioriteite en strategiese doelwitte, nasionale beleidsprioriteite, nasionale wetsvereistes en provinsiale wetsvereistes. Dit neem die nuutste sensusdata oor sosio-ekonomiese behoeftes en uitdagings in die Provinsie in ag.

Hierdie prioriteite oorvleuel steeds en moet kollektief gebruik word om 'n gemeenskaplike doel te ondersteun, eerder as om mee te ding vir implementering. Ons sal as 'n provinsie fokus op die mees relevante en dringendste aspekte in terme van die behoeftes en sosio-ekonomiese omstandighede van die mense wat in die Wes-Kaap woon.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) het homself in lyn gebring met die algemene uitkomstes en doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP). Die NOP fokus op die verligting van armoede en ongelykheid en het 'n aantal gebiede vir intervensie gediagnoseer. Die doelwitte en algemene uitkomstes vir die NOP is deeglik in lyn met dié van Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 8: d.w.s. *die verhoging van maatskaplike insluiting en die verligting van armoede*. Die NOP verwys in die besonder na verdeelde gemeenskappe en die behoefte aan *Maatskaplike Beskerming* (Hoofstuk 11), tesame met *Transformasie van die Gemeenskap en Vereniging van die Land* (Hoofstuk 15) en *Verbetering van Onderwys, Opleiding en Innovasie* (Hoofstuk 9).

PSD 8 vra ons om na al ons maatskaplike beleide te kyk terwyl ons die volgende vraag in gedagte hou: 'Is hierdie beleid die beste moontlike manier om volhoubare maatskaplike insluiting en die verligting van armoede vir die geteikende begunstigdes te bevorder?'

Hierdie doelwit dek die volgende prioriteite:

- *Versterking van families*
- *Vroeëkindontwikkeling*
- *Die jeug*

- *Kwesbare groepe*
- *Voorkoming en vermindering van geweld*
- *Verhoogde deelname aan die burgerlike lewe*

Ek bly vasberade om geleenthede vir die ontwikkeling van die jeug te vermeerder, om seker te maak dat programme vir hierdie landsburgers volhoubaar is en dat dit 'n betekenisvolle impak op hul lewens maak, veral ten opsigte van die vermindering van werkloosheid onder die jeug. Om dit te bereik, poog ons nuut ontwikkelde strategie vir die jeug om jong mense te help om 'ekonomies selfonderhoudend en onafhanklik en gesond te word, om positiewe gesins-, persoonlike en maatskaplike verhoudings te hê, en om aktief te wees in hulle gemeenskap. In die nastrewing van hierdie uitkomst vir jong mense identifiseer die strategie 'n wye reeks dienste, programme en ondersteuningstelsels wat sal verseker dat hulle toegang het tot die soort geleenthede wat hulle nodig het vir hul eie ontwikkeling.

Verder fokus ons steeds op die uitbreiding van VKO van 'n hoë gehalte, waar duidelik gedefinieerde leerprogramme geïmplementeer word, vir soveel as moontlik kinders. Om jongmense vanaf 'n vroeë ouderdom te help om maatskaplik, kognitief en fisies te ontwikkel, is waarskynlik die mees waardevolle belegging wat regerings kan maak om maatskaplike insluiting te bevorder en om armoede te verlig. Die familie-eenheid, kindersorg, vroeëkindontwikkeling en volgehoue formele onderwys vorm die kern hiervan.

Dit bly ook steeds vir ons 'n uitdaging om geweld in ons gemeenskap te bekamp, en om in die besonder aandag te gee aan die onderliggende maatskaplike kwessies wat aanleiding gee tot geweld. Ons intervensieprogramme om vir jongmense alternatiewe te skep, op 'n manier wat hulle in staat sal stel om hulle energie na positiewe inisiatiewe te kanaliseer, sal voortgaan.

Die vermindering van dwelm- en alkoholverwante skade regdeur die provinsie is nie net vir hierdie departement 'n prioriteit nie, maar vir die hele Wes-Kaapse Regering. Ons erken die geweldige omvang van die uitdaging en is daartoe verbind om ons hulpbronne saam te voeg om maksimum impak op die lewens van diegene wat dienste die nodigste het, te verseker.

Ons sal voortgaan om ons dienste vir die bemagtiging van slagoffers uit te brei sodat ons in staat kan wees om meer kwesbare vroue en kinders wat sorg en ondersteuning nodig het in hulle pogings om trauma te oorkom, te bereik.

In terme van die verbetering van organisatoriese ontwikkeling, bly die akkuraatheid en nut van verslagdata 'n prioriteit vir die departement. Die verkryging van akkurate prestasie-inligting van meer as 2 000 NRO's en 34 plaaslike diensleweringkantore, is 'n belangrike uitdaging vir die departement, soos weerspieël in vorige jaarverslae. Dit is egter uiters belangrik om seker te maak dat die openbare fondse wat vir hierdie dienste aangewend word, die maksimum voordele lewer vir die arm en kwesbare gemeenskappe van die Wes-Kaap.

Ten slotte neem hierdie JPP ook die Kinderwet, die Kinderegterigheidswet en die Wet op Ouer Persone, sowel as die Provinsiale Onderwyswet, wat almal hulpbronimplikasies vir die DMO inhou, in ag.

Om op die skaal van die maatskaplike uitdagings in ons snel ontwikkelende provinsie te reageer, sal 'n geweldige taak bly. Dit sal ons volle kollektiewe pogings vir die pad vorentoe verreis, en ek vertrou dat hierdie JPP, wat gerig word deur PSD 8, sal verseker dat ons prioriteite gebalanseerd en progressief is en dat dit die maksimum impak sal hê op die lewens van die mense wat ons dien.



PROVINSIALE MINISTER VAN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING


Mnr. A. Fritz

AMPELIKE AFTEKENING

Daar word hiermee gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan:

- Die vyfde en laaste jaar is van die vyf jaar Strategiese Plan 2010 – 2015;
- ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onder die leiding van mnr. Albert Fritz en dat dit in ooreenstemming met die Strategiese Plan van die DMO opgestel is.
- die prestasieteikens wat die DMO sal poog om te bereik, gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2014/2015 beskikbaar gestel word, akkuraat weerspieël.

TOP MANAGEMENT MEMBERS



Me. Marion Johnson Mnr.
Hoofdirekteur: Sakebeplanning en -strategie



Juan Smith
Hoof- Finansiële Beamppte (CFO)



Dr Robert Macdonald
Rekenpligtige Beamppte

Goedgekeur deur:



Mnr. Albert Fritz
Uitvoerende Gesag

INHOUDSOPGAWWE

VOORWOORD	ii
AMPTELIKE AFTEKENING.....	v
DEEL A: STRATEGIESE OORSIG	2
4 Wetgewende en Ander Mandate	3
4.1 Grondwetlike mandate	3
4.2 Wetgewende mandate s	3
4.3 Beleidsmandate.....	5
4.4 Toepaslike Hofuitsprake	8
4.5 Beplande Beleidsinisiatiewe	8
5 Opdatering Van Situasi e-Ontl eding	9
5.1 Prestasie-omgewing.....	9
5.2 Organisoriese omgewing	12
5.3 Beskrywing van die proses van strategie se beplanning	17
5.4 Belyning met die Nasionale Ontwikkelingsplan, ONECAPE2040 en die provinsiale dwarsleggende stelsel.....	19
6 STRATEGIESE UITKOMSGEÖRIËNTEERDE DOELWITTE VAN DIE INSTANSIE	21
DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE AND PROGRAMMES INFORMATION	24
7 Program 1: Administrasie	25
7.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 1	32
7.2 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	33
7.2.1 Uitgaweberamings	34
7.2.2 Prestasie- en uitgawetendense	34
8 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste	36
Situasi e-ontl eding	36
Sub-program 2.2 Sorg en Dienste aan Ouer Persone.....	37
Sub-program 2.3 Dienste aan Persone met Gestremdhede	42

Sub-program 2.4 MIV/vigs	45
Sub-program 2.5 Maatskaplike Verligting	46
8.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 2	49
8.2 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	50
8.2.1 Uitgaweberamings	50
8.2.2 Prestasie- en uitgawetendense	51
9 Program 3: Kinders en Families	52
Situasie-ontleding	52
Sub-program 3.2: Sorg- en ondersteuningsdienste aan Families	53
Sub-program 3.3 Kindersorg- en Beskermingsdienste	57
Sub-program 3.4 VKO en Gedeeltelike Sorg	61
Sub-program 3.5 Kinder- en Jeugsorgsentrum	65
Sub-program 3.6 Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir Kinders.....	67
9.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAMME 3	69
9.1 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	70
9.1.1 Uitgaweberamings	70
9.1.2 Prestasie- en uitgawetendense.....	71
10 Program 4: Herstellende Dienste	72
Situasie-ontleding	72
Sub-program 4. 2 Voorkoming van Maatskaplike Misdade en Steun.....	75
Sub-program 4. 3 Slagofferbemaagtiging.....	79
Sub-program 4. 4 Middelmisbruik, Voorkoming en Rehabilitasie	82
10.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 4	86
10.2 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR.....	87
10.2.1 Uitgaweberamings	87
10.2.2 Prestasie- en uitgawetendense	88
11 Program 5: Ontwikkeling En Navorsing	89
Situasie-ontleding	89

Sub-program 5.2	Gemeenskapsmobilisering	90
Sub-program 5.3	Institusionele Kapasiteitsbou en Steun vir Organisasies sonder Winsoogmerk (IKB).....	91
Sub-program 5.4	Armoedeverligting en Volhoubare Voortbestaan	95
Sub-program 5.5	Gemeenskapsgebaseerde Navorsing en Beplanning	97
Sub-program 5.6	Jeugontwikkeling	98
Sub-program 5.7	Ontwikkeling van Vroue	101
Sub-program 5.8	Bevordering van Bevolkingsbeleid.....	102
11.1	RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 5	106
11.2	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	107
11.2.1	Uitgaweberamings	107
11.2.2	Prestasie- en uitgawetendense	108
PART C:	LINKS TO OTHER PLANS	110
12	Skakels Met Die Langtermyn-Infrastruktuur- en Ander Kapitale Planne.....	110
OPENBARE ENTITEITE	113
VENNOOTSKAPPE TUSSEN OPENBARE EN PRIVATE ENTITEITE.....		113
BYLAE A: VERANDERINGE AAN DIE STRATEGIESE PLAN 2010-2015		114
Veranderinge aan die Strategiese Plan 2010-15 na JPP 2014/15		116
BYLAE B: BESKRYWINGSTABELLE VIR TEGNIESE AANDUIDERS.....		122
BYLAE C: KONTAKLYS		163
BYLAE D: AKRONIEME		166

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

DEEL A: STRATEGIESE OORSIG

1 VISIE

'n Selfonderhoudende samelewing.

2 Departementele Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplike-ontwikkelingsdienste wat arm mense, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes in staat stel en bemagtig, te verseker.

3 Waardes

Die werk van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) sal op die volgende **Provinsiale Waardes** gebou word:



Caring



Competence



Accountability



Integrity



Responsiveness

DMO is verbind tot die volgende **sleuteldiensleweringbeginsels**:

- **Vernuwing: Werk anders**

Die DMO sal daarna streef om verskillende maniere van werk te ondersoek en te toets om die maksimum resultate oor die kortste tydperk te bereik sonder om gehalte in te boet. Dit kan beteken dat stelsels en sakeproesse gestroomlyn word, sowel as vernuwing met die hanteer van kliënte.

- **Konsultasie en insluiting**

Ons sal deurlopend aandag gee aan betekenisvolle skakeling met ons vennote en belanghebbers soos omskryf in die Interregeringsraamwerk, Wet 13 van 2005, en die Wes-Kaapse Raamwerk vir die Bestuur van Belanghebbers, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

- **Toeganklikheid**

Toeganklikheid tot dienste is noodsaaklik. Die Departement sal deur middel van sy moderniseringsmodel verhoogde toegang tot toepaslike en hoëgehaltedienste op 'n plaaslike vlak verseker met die daarstelling van 45 diensleweringengebiede oor die tydperk van die mediumtermyn-uitgaweraamwerk (MTUR).

- **Aanspreeklikheid en deursigtigheid**

Institusionalisering van korporatiewe bestuur deur die implementering van uitslaggebaseerde monitering, evaluering en verslaggewing, gesonde sakeprosesse, beleide en die versterking van voldoening om aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

4 Wetgewende en Ander Mandate

4.1 Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996	Artikel 28 (1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van behoorlike versorging uiteen (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) en om nie aangehou te word nie, buiten as 'n laaste uitweg.

4.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Wet op Proefdienste, 116 van 1991	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet maak voorsiening vir die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die vestiging en implementering van programme wat op die bekamping van misdaad gerig is; ○ Die lewering van bystand aan en behandeling van sekere persone wat by misdaad betrokke is; en aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk, 71 van 1997	<ul style="list-style-type: none"> • Die doel van hierdie Wet is om organisasies sonder winsoogmerk te ondersteun deur 'n administratiewe en regulerende raamwerk daar te stel waarbinne organisasies sonder winsoogmerk hulle sake kan doen.
Wet op Gesinsgeweld, 116	<ul style="list-style-type: none"> • Die doel van hierdie Wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
van 1998	die maksimum beskerming teen gesinsgeweld te verleen.
Wet op Maatskaplike Werk, 110 van 1978; Gewysig 1995, 1996 & 1998	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet stel die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensprofessies in en omskryf ook die mag en funksies van die Raad vir Maatskaplike Dienste en Professie.
Wysigingswet op Proefdienste, 35 van 2002	<ul style="list-style-type: none"> • Die doel van die Wet is om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig om sekere definisies in te voeg, en om <ul style="list-style-type: none"> ○ verder voorsiening te maak vir programme wat gemik is op die voorkoming en bekamping van misdaad; ○ die magte en pligte van proefbeampes uit te brei; ○ voorsiening te maak vir die pligte van assistent-proefbeampes; ○ voorsiening te maak vir die verpligte assessering van kinders wat gearresteer is; ○ voorsiening te maak vir die vestiging van 'n proefadvieskomitee; ○ voorsiening te maak vir die aanwysing van familievinders; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Kinderwet, 38 van 2005	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet het deur middel van 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking getree en omskryf die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die regte en verantwoordelikheid van kinders; ○ Die verantwoordelikhede en regte van ouers; ○ Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; ○ Die bevordering van die welsyn van kinders; en ○ Die konsolidasie van die wette in verband met die welsyn en beskerming van kinders, en maak voorsiening vir bykomstige aangeleenthede.
Wet op Ouer Persone, 13 van 2006	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, wat op 1 April 2010 deur middel van 'n presidensiële proklamasie in werking getree het, poog om ouer mense te bemagtig en te beskerm, met insluiting van hulle status, regte, welsyn, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone. • Anders as die Wet op Bejaarde Persone, 81 van 1967, word die klem verskuif van institusionele sorg na gemeenskapgebaseerde sorg ten einde seker te maak dat 'n ouer persoon so lank as moontlik in die gemeenskap bly.

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsbenadering wat die volgende erken: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die wysheid en vaardighede van ouer persone. ○ Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede. ○ Die regulering van registrasie van dienste vir ouer persone. ○ Die vestiging en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone.
Wet op Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 70 van 2008	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie Wet maak voorsiening vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Hierdie Wet plaas veral klem op die bevordering van gemeenskapgebaseerde programme en programme vir vroeë intervensie, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik.
Kinderegeregtheidswet, 75 van 2008	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet vestig 'n strafregproses vir kinders wat van oortredings beskuldig word en is daarop gemik om kinders se regte te beskerm.
Wysigingswet op Seksuele Oortredings en Verwante Aangeleenthede, 6 van 2012	<ul style="list-style-type: none"> • Om die Wysigingswet op die Strafwet (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, te wysig sodat dit uitdruklik bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere oortredings wat in die Wet vervat is, aan die diskresie van die houe oorgelaat word; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel, 7 van 2013	<ul style="list-style-type: none"> • Die Wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel, veral vroue en kinders, te voorkom, te bekamp en te straf, en om die VN-konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan te vul.

4.3 Beleidsmandate

- **Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)** dien na 1994 as 'n grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelings- maatskaplikewelsynstelsels te verskaf.

- **Witskrif oor Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998)** bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur middel van die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die gemeenskap. Die beleid gee aan die DMO 'n mandaat om die implementering van die beleid, die impak daarvan op bevolkingstendense en dinamika in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
- **Die Wes-Kaapse Regering se Beleid oor die Befondsing van NRO's vir die lewering van maatskaplike welsynsdienste** is gedurende 2011 deur die LUR vir Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur. Die beleid is deur prosedureriglyne en -instrumente vir implementering ondersteun. Dit is gedurende die 2010/11-boekjaar van stapel gestuur en is volledig geïmplementeer vir die oordragbefondsingsaansoek- en assesseringproses vir 2011/12. Die doel van hierdie beleid is om seker te maak dat oordragbetalings bestuur word op 'n deursigtige manier wat rekenpligtigheid, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder. Hierdie beleid is in lyn gebring met die Nasionale Beleid oor Finansiële Toekennings. Die befondsingsbeleid is in die laaste kwartaal van die 2012/13-boekjaar hersien en die nuwe beleid, wat hernoem is tot die **Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid oor die Befondsing van Nieregeringsorganisasies vir die Lewering van Maatskaplikewelsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste** is goedgekeur vir implementering vanaf 1 April 2013.
- **Witskrif oor die Familie (2013)**. Die hoofoogmerk van die Witskrif is om familiewelsyn te verbeter en om familie en familielewe te bevorder en te versterk; asook om familie-aangeleenthede in die hoofstroom van regeringwye inisiatiewe vir die opstel van beleid te plaas. Die DMO stel tans 'n provinsiale plan op vir die implementering van die Witskrif oor Families.
- Die **Raamwerk vir Maatskaplike Welsynsdienste** (2011) is deur die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur vir implementering deur alle rolspelers wat verantwoordelik is vir die lewering van maatskaplike

welsynsdienste. Dit is in lyn gebring met die Geïntegreerde Diensleweringmodel (GDLM). Die doel daarvan is om die implementering van omvattende, geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplike-welsynsdienste wat op regte gebaseer is, goeie hulpbronne het en van 'n hoë gehalte is, te fasiliteer en leiding te gee.

- Die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste het die ontwikkeling van norme en standaarde vir maatskaplikewelsynsdienste beklemtoon. **Die Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste** (2011) is gebaseer op die ontwikkelingsbenadering wat deur die DMO aanvaar is deur middel van die Witskrif oor Maatskaplike Welsyn (1997), en dra by tot die bereiking van doelwitte ten opsigte van maatskaplike ontwikkeling deur middel van ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste.
- **Betaalde Kommunikasie in die Wes-Kaap** is 'n nuwe beleid wat deur die Provinsiale Kabinet onderskryf word en wat in oorleg met die Direkoraat Strategiese Kommunikasie van die Departement van die Premier opgestel is om samehang en belyning van die konsep van Beter Tesame te verseker. Dit gee aan departemente leiding sodat hulle een gekonsolideerde kommunikasieplan en -begroting kan hê.
- Die oogmerk van **die Regulasies van Proefdienste** is die regulering en verbetering van proefdienste. Dit is deur die Nasionale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling goedgekeur en in die Staatskoerant gepubliseer as Regulasies, Staatskoerant No. 36159, 15 Februarie 2013, Vol. 572, No. 9911.
- 'n Nasionale **Meesterplan oor Dwelms** is daarop gemik om koördinerende van departemente en plaaslike owerhede te verseker en is in ooreenstemming met die Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik, 70 van 2008. Verder is dit daarop gerig om te verseker dat die land 'n eenvormige reaksie op die misbruik van middels het.
- **Die Toesigraamwerk vir die Maatskaplikewerkprofessie in Suid-Afrika (2011)** poog om 'n raamwerk daar te stel vir doeltreffende toesig oor maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplike hulpwerkers, leerder- maatskaplike hulpwerkers, maatskaplikewerkspesialiste en privaat praktisyne ten einde

bevoegde professionele maatskaplikewerkpraktyke wat die beste belange van diensgebruikers in die maatskaplike sektor in Suid-Afrika dien, te verseker.

- **Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013)** poog om 'n konsekwente stelsel en duidelike standarde vir die evaluering van doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste te gee en om deurlopende verbeterings binne maatskaplike welsynsdienste te fasiliteer.

4.4 Toepaslike Hofuitsprake

Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Ongeskiktheid: Hofbevel, saaknommer: 18678/2007. Die aansoeker het 'n hofaansoek gedoen in verband met die versuim van die Nasionale en Wes-Kaapse Regering om redelike stappe te neem vir die onderwysbehoefte van ernstig gestremde kinders. Uitspraak oor hierdie saak is op 11 November 2010 gelewer, en die Provinsie moes in 2012/13 met implementering begin. In ooreenstemming met die hofbevel, voorsien die DMO salarisse vir die versorgers van verstandelik gestremde kinders by 44 sorgsentrums. Die DMO verskaf ook fondse vir die veilige vervoer van hierdie kinders.

4.5 Beplande Beleidsinisiatiewe

- Die vestiging en instandhouding van 'n rekord van alle programme vir vroeëkindontwikkeling wat in die provinsie geregistreer is, soos bepaal in artikel 92 (2) (a) van die Kinderwet.
- Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om seker te maak dat gehalteversekering by kinder- en jeugsorgsentrums gedoen word, soos bepaal in artikel 211 en regulasie 89 van die Kinderwet.
- Die ontwikkeling van Toesigbeleid vir DMO vir die maatskaplikewerkprofessie, wat daarop gerig is om die standaard en eenvormige toepassing van toesig binne die organisasie toe te pas, die professionele beeld van maatskaplike werkers te verbeter, om deurlopende professionele groei te verseker en om te verseker dat maatskaplikewerkdienste van 'n hoë gehalte gelewer word.
- Konsepraamwerk vir die Bestuur van Belanghebbers, Wes-Kaap, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Hierdie raamwerk gee leiding aan die provinsiale

departement se interaksie met 'n verskeidenheid belanghebbers in die lewering van dienste vir maatskaplike welsyn en gemeenskapsontwikkeling.

5 Opdatering Van Situasië-Ontleding

5.1 Prestasië-omgewing

'n Ontleding van data van Sensus 2011 ten opsigte van die bevolking van die Wes-Kaap dui belangrike tendense in die grootte en struktuur van die provinsie se bevolking aan wat in gedagte gehou moet word met die beplanning van dienste vir kwesbare groepe in die provinsie wat binne die bestek en mandaat van die Departement se dienste val. Hierdie tendense sluit 'n verhoging van 28,7% in die grootte van die provinsie se bevolking in. Die grootste toenames vind plaas in die ouderdomsgroepe 0-4 en 20-29. In 2011 het die Wes-Kaap 'n bevolking van 5 822 734 gehad in vergelyking met 4 524 335 in die 2001-sensus. Dit kom neer op 'n toename van 28,7% in die grootte van die bevolking in die tydperk van 2001 tot 2011. Hierdie toename vereis die uitbreiding van die netwerk van dienste wat deur die Departement gelewer word ten einde 'n groter getal mense wat moontlik maatskaplikeontwikkelingsdienste kan verlang, te akkommodeer.

Data van Sensus 2011 dui verder aan dat die bevolkings- en geslagsamestelling van die provinsie nie beduidend verander het tussen die twee sensusse nie. 'n Ontleding van hierdie aard kan egter maklik verborge ongelykhede en kwesbaarheid verbloem. In terme van geslag, was byvoorbeeld 49% van die mense wat in die sensus getel is manlik en 51% was vroulik. Hoewel die geslagsverspreiding in die provinsie oënskynlik feitlik gelyk is, beklemtoon verdere ontleding van faktore soos indiensnemingstatus en die status van hoofde van huishoudings ongelykhede wat kan bydra tot die kwesbaarheid van vroue in spesifieke bevolkingsgroepe. In terme van die jaarlikse huishoudelike inkomste van hoofde van huishoudings per geslag in die provinsie, verdien meer mans hoër jaarlikse inkomstes as vroue. Vroue domineer in die laerinkomstegroepe, van "geen inkomste tot 'n jaarlikse inkomste van tussen R38 401 en R76 800", terwyl mans hoër inkomstes as vroue verdien. Met betrekking tot indiensnemingstatus, dui Sensus 2011 verder aan dat meer mans (54,36%) as vroue (45,64%) in diens is. Hierbenewens val die meerderheid van vroue (52%) binne die werkloosheidsmarge en meer vroue (57,93%) as mans (42,07%) is nie ekonomies

aktief nie. Hierdie faktore het implikasies vir vroue, van wie baie enkelouers is, se vermoë om versorging te verskaf in die provinsie.

Wat die ouderdomsuiteensetting van die provinsie se bevolking betref, dui Sensus 2011 aan dat daar 1 739 425 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17 jaar in die provinsie is, en 2 137 820 jeugdige tussen die ouderdom van 15 en 34 jaar is. 32% (1 838 294) is kinders onder die ouderdom van 19, terwyl 37% (2 137 821) jeugdige in die ouderdomskategorie van 15 tot 34 jaar is. 69,4% van die provinsie se bevolking is onder die ouderdom van 40 jaar. Die oorwegend jeugdige struktuur van die provinsie se bevolking en die toename in die ouderdomsgroep 0-4, sowel as die ouderdomsgroep 20-29 tussen die twee sensusse, kan 'n uitbreiding van kinderbeskerming, VKO en dienste vir jeugontwikkeling aandui.

Die verspreiding van die provinsiale bevolking het sedert 2001 konstant gebly, met die meerderheid (64,2%) van die bevolking wat in die Kaapstad Metro woon, gevolg deur die Kaapse Wynland (13,5%), Eden (9,9%), Weskus (6,7%) en Overberg (4,4%). Die Sentraal-Karoo het die laagste bevolking teen 1,2%. Hoewel die meerderheid van die bevolking in die Kaapstad Metro woon, moet veranderinge in maatskaplike en bevolkingsdinamiek sowel as maatskaplike patologie in gebiede buite die Metro in gedagte gehou word in die beplanning van dienste. Inligting wat gedurende 2012/13 deur die Departement se Navorsingseenheid versamel is, het verspreidingstendense in die verspreiding en ontstaan van maatskaplike uitdagings wat tipies met stedelike gebiede van die provinsie geassosieer word in afgeleë gebiede beklemtoon. Hierdie tendense sluit in die mishandeling van kinders, middelmisbruik, bendebedrywighede en jeugdige wat in die afgeleë gebiede met die gereg bots.

Verdere veranderinge in die struktuur van die provinsie se bevolking sluit 'n toename in die getal huishoudings in die provinsie in, naamlik met 35,2% van 1 208 987 in Sensus 2001 tot 1 634 001 in Sensus 2011. In baie huishoudings is die gebrek aan hulpbronne wat nodig is om voldoende in die lede van die huishouding se behoefte te voorsien, 'n bekommernis. In 2011 was die uitgebreide werkloosheidskoers in die provinsie byvoorbeeld 26,7 % terwyl 13,3% van die huishoudings gerapporteer het dat hulle nie enige inkomste het nie. Hierbenewens het talle huishoudings 'n gebrek aan basiese hulpbronne om vir hulle lede te voorsien, soos geïllustreer in 'n styging

van 3,4% tot 6,4% in die kategorie van informele wonings/hutte in agterplase in die onlangse Sensus. Baie families kom ook te staan voor 'n beduidende las van versorging. In die 2011-sensus is daar byvoorbeeld bevind dat 10,4% van die lede van huishoudings kleinkinders is.

Benewens die veranderinge in bevolkingsdinamiek, moet daar oorweging gegee word aan maatskaplike tendense vir kwesbare groepe en maatskaplike patologie, soos later in hierdie dokument in detail beskryf onder die Departement se onderskeie Sub-programme. Sleutel- en onderling verwante tendense wat spesiale oorweging vereis, sluit in 'n deurlopende toename in maatskaplike misdaad in die provinsie, veral dwelmverwante misdaad sowel as 'n toename in verskeie kategorieë maatskaplike misdaad wat die veiligheid en sekerheid van inwoners van die provinsie affekteer. 'n Eskalerende neiging in kindermishandeling in die provinsie, wat vererger word deur die maatskaplik-ekonomiese kwesbaarheid van huishoudings waarin baie kinders is, wek veral kommer.

Die bevinding van Sensus 2011 dat 19 645 kinders hulle moeder sowel as hulle vader verloor het, en dat daar 3 482 kinders aan die hoof van huishoudings in die provinsie is, is 'n aanduiding van die kwesbaarheid van kinders. Die getal kinders wat in armoede leef (huishoudings met 'n maandelikse per capita-inkomste van minder as R575,00) in die provinsie – 30,6% in 2010, moet ook aandag geniet om verwaarloosing te voorkom en om die optimale ontwikkeling en welsyn van hierdie kinders te bevorder. Hierbenewens het die algemene opname oor huishoudings in 2010 ook bevind dat 12,4% van die kinders in die provinsie leef in huishoudings sonder 'n volwassene wat werk. Ondersteuning moet ook verskaf word aan kinders wat in huishoudings woon waar daar gerapporteer is dat kinders honger is – 15,8% in 2010. Misdaadneigings wat van besondere belang is, sluit in die 287% styging in dwelmverwante misdade in die tydperk tussen April 2003 en Maart 2014 in die provinsie. Hierdie tendens is van besondere belang as gevolg van die verband tussen middelmisbruik en verskeie tipes maatskaplike patologie soos gesins- en gemeenskapsgeweld sowel as kindermishandeling. Hierbenewens het die Wes-Kaap in 2011/12 die tweede hoogste moordsyfer van al die provinsies gehad, sowel as die tweede hoogste syfer vir poging tot moord en gewone aanranding. Die provinsie het ook die hoogste syfer vir seksuele aanranding van al die provinsies gehad met 'n syfer van 173,1 persone per 100 000 van die bevolking. Misdaad wat op 'n hoogs

interpersoonlike en huishoudelike vlak plaasvind, naamlik gesinsgeweld, het met 18% (getal aangemelde gevalle) toegeneem in die tydperk 2007 tot 2010 – in 2010 is 21 383 gevalle aangemeld (Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, 2013). Hierdie neiging is kommerwekkend aangesien dit voorkom asof dit 'n aanduiding is van maatskaplike tendense wat eskaleer en versprei ten spyte van die huidige intervensies deur dienslewering.

5.2 Organisasoriese omgewing

Die DMO se program vir modernisering wat in 2010 geïnisieer is, het gefokus op die stroombelyning van die Departement se funksies om doeltreffende en doelmatige dienslewering te verseker. Dit het die modernisering van die organisatoriese struktuur, toeganklikheid van dienste, besigheidsprosesse, stelsels vir inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) ingesluit. Hierdie inisiatiewe ondersteun die nakoming van die departementele mandate en dra sodoende by tot die Provinsiale Strategiese Doelwit nr. 12, naamlik om die streeksregering te wees wat die beste in die wêreld bestuur word.

• Organisasoriese Struktuur

Die pos van Hoof van die Departement is vakant en daar word voorsien dat dit in die 2014/15-boekjaar gevul sal word. Dr Robert Macdonald neem tans in die pos waar.

Die gemoderniseerde HFA-struktuur is goedgekeur en die proses vir passing en plasing sal in die 2013/14-boekjaar afgehandel word en kritiese vakante poste sal gedurende die 2014/15-boekjaar geadverteer en gevul word.

Soos vereis in die Staatsdienswet en die Regulasies is die Departement in die proses om sy menslikehulpbronskapasiteit by Hoofkantoor te assesseer, spesifiek ten opsigte van die subprogramme vir Maatskaplikewelsynsdienste, Kinders en Families en Herstellende Dienste.

Die organisatoriese struktuur vir Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS) – Vlak 3 en 4 Veilige Sorg is gedurende die 2013/14-boekjaar goedgekeur. Die goedgekeurde struktuur is in ooreenstemming met nasionale norme en standaarde en die nasionale bloudruk vir Jeugsorgsentrums. Dit maak ook voorsiening vir sentrums vir spesiale

behandeling vir die assessering en stabilisering van wisselvallige gedrag deur jeugdiges.

Die nasionale norm vir maatskaplike werkers vir 'n provinsie vir die lewering van generiese gemeenskapsgebaseerde en residensiële dienste is 1:4 500 van die bevolking. In terme van die Bloudruk vir Modernisering sal die Departement die helfte van die maatskaplike werkers aanwend en die ander helfte subsidieer by OSW's wat gemeenskapsgebaseerde dienste en dienste vir residensiële sorg lewer. Die huidige organisatoriese struktuur van DMO het 588 befondsde en goedgekeurde maatskaplikewerkposte op die diensstaat van streekskantore. Hierdie getal word gebaseer op die bevolkingsgrootte van die provinsie soos opgeteken in die 2007-Gemeenskapsopname. Op grond van Sensus 2011 het die Wes-Kaap 1 294 maatskaplikewerkposte nodig, waarvan 647 op die DMO se diensstaat moet wees. Ons sal dus daarna moet streef om 'n addisionele 59 poste vir hierdie spanne te befonds terwyl ons ook 'n addisionele 59 poste in die OSW-sektor befonds.

Die volgende tabel beskryf die DMO se belegging in menslike kapitaal:

Table 1: Indiensneming en vakante poste

Indiensneming en Vakante Poste per Program, soos op 01 Februarie 2014				
Program	Befonds	Getal poste gevul	% vakatures	Getal poste gevul addisioneel tot die diensstaat
Program 1: Administrasie	492	350	29%	31
Program 2: Maatskaplike Welsynsdienste	917	930	-1%	108
Program 3: Kinders en Families	15	15	0%	2
Program 4: Herstellende Dienste	598	483	19%	37
Program 5 Ontwikkeling en Navorsing	23	17	23%	0
Groottotaal	2044	1795	12%	178¹

¹ 79 beurshouers addisioneel tot die diensstaat op kontrak aangestel – beurshouers wat beursverpligtinge afwerk.

Indiensneming en Vakante Poste per Salarisband, soos op 01 Februarie 2014				
Salarisbande	Befonds	Getal poste gevul	% vakatures	Getal poste gevul addisioneel tot die diensstaat
Laer geskoold (Vlak 1-2)	25	8	68%	17
Geskoold (Vlak 3-5)	733	601	18%	31
Hoogs geskoolde produksiewerkers (Vlak 6-8)	937	853	9%	101
Hoogs geskoolde toesighouers (Vlak 9-12)	323	311	3%	28
Laer geskoold (Vlak 1-2)	26	22	15%	1
Groototaal	2044	1 795	12%	178²

- **Toeganklikheid van Dienste**

Die modernisasie bloudruk het 'n organisatoriese struktuur geskep wat die 16 distrikskantore vervang het met 6 streekskantore en 45 plaaslike kantore wat, saam met die plasing van personeel, ontwerp is om dienste nader aan die gemeenskappe te bring.

33 van die 45 plaaslike kantore is tans ten volle funksioneel. Die volgende nuwe diensleweringkantore word beplan vir 2014/15: Clanwilliam (Sederberge munisipaliteit), Retreat en Vishoek (Metro Suid munisipaliteit), Ceres (Witzenburg munisipaliteit) en Bredasdorp (Kaap Agulhas munisipaliteit). Twee streekskantore (Metro Oos en Eden Karoo) sal verskuif word van hul huidige standplase na nuwe kantoor akkomodasie.

- **IKT Sisteme**

Die modernisasie van die DMO se tegnologiese omgewing was begin deur 'n vier jaar verfrissingsprojek waartydens al die inligtingstegnologiese toestelle vervang sou word. Gedurende die afgelope drie jaar is hierdie verfrissingprojek in al ses die streke voltooi.

Gedurende die huidige finansiële boekjaar sal daar op die departementele hoofkantoor en die fasiliteite gefokus word (2013/14). Hierdie verfrissingsprojek het gelei tot groter gebruik van Inligting en IKT, asook 'n sistematiese opgradering van

² 79 beurshouers addisioneel tot die diensstaat op kontrak aangestel – beurshouers wat beursverpligtinge afwerk.

die departementele bandwydte. Verder word die kantore in die Metro-gebied ingeskakel by die stad se optiese vesel netwerk. Hierdie verfrissingsprojek sal elke vier jaar herhaal word.

DMO sal die ontwikkeling van die volgende twee IKT sisteme prioritiseer gedurende die MTUR periode:

“Enterprise Content Management” – “MyContent”: Die departement het die OopTeksInhoudbediener (LiveLink) bekendgestel ten einde departementele dokumente sowel as verwante besigheidsprosesse te hanteer. Dit sal lei tot groter effektiwiteit in die departement se werksaamhede. Dit word ook voorsien dat die OopTeksInhoudbediener geïntegreer sal word met ander sisteme soos SDIMS en die Maatskaplike Werk Dagboek Sisteem.

DMO OSW Bestuursisteem: Die Sentrum vir Innowering het so pas 'n hoe vlak besigheidsanalise voltooi rakende die SMO OSW bestuurs- en befondingsproses en die departement sal nou begin om die proses te outomatiseer. Die nuwe sisteem sal in aparte, maar geïntegreerde modules oor die volgende paar jaar uitgebou word.

- **Besigheidsprosesse**

Gedurende April 2012 het die departement die **“Corporate Governance Review Outlook (CGRO)”** aanvaar met die doel om sistematies groter vlakke van bestuursvolwassenheid te bereik oor die medium en langtermyn tydvakke. Die doelwitte hiervan is om die bevindinge van die vorige jaar te monitor, goeie bestuur te verbeter en beste praktyke te bevorder. Die vorige Finansiële Bestuursorsig en Vooruitsigte (FGRO) is saamgevoeg om die Bestuursaksie Plan te skep wat deur die rekenpligtige beamptes beheer word. Die mikpunt is om 'n skoon oudit te verkry wat gebaseer is op volle nakoming van wette en regulasies en gedefinieerde kontrole prosesse.

Prestasie- inligtingsbestuur prosesse is hersien om te verskerr dat die inligting wat verkry word betroubaar en geldig is en dat die inligting volledig is. Dit het die volgende veranderinge in die prestasiebestuursisteme tot gevolg gehad:

- 'n Vermindering sowel as verfyning van die programperstasie aanwysers vir 2013/14. Dieselfde aanwysers sal gedurende 2014/15 gebruik word. Dit sal die prestasiedata meetbaarheid oor die periode verhoog.
- Die oorsig van die 2012/13 standaard werkprosedures van prestasie-inligting en goedkeuring van die hersiene proses vir ingebruikneming in 2013/14. Die vervanging van streekskantoor gebaseerde prestasie inligting insameling met gesentraliseerde prosesse.

As deel van die PSD 10 se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan Indaba werkgroep het die departement bygedra tot die doelwit van **geïntegreerde regeringsdienslewering** deur die opstel van Memorandums van Ooreenkoms met die 4 distrikmunisipaliteite (Eden, Weskus, Kaapse Wynlande en Sentraal Karoo) en 4 plaaslike munisipaliteite (Bergrivier, Matzikama, Prins Albert en Knysna). Voorlopige implementeringsplanne vir ses van die munisipaliteite is voltooi. Tans neem die departement deel aan die institusionalisering van die geïntegreerde ontwikkelingsplan en begroting wat die kapasiteitsbou van DMO personeel, rakende die geïntegreerde benadering, behels asook 'n assesseringsproses.

Die volgende werksooreenkomste is alreeds funksioneel:

- Memorandum van Verstandhouding met die Stad Kaapstad rakende lewering van Maatskaplike dienste.
- Diensvlakooreenkoms met die Departement van die Premier rakende die Korporatiewe dienssentrum, Menslike Hulpbronne, Interne Oudit en forensiese dienste.
- Diensvlakooreenkoms met SAMSA rakende kantoorakkomodasie, pleegsorg en Maatskaplike Verligting en inligtingsbestuurstelsels.
- Diensvlakooreenkoms met Openbare Werke en Vervoer rakende die akkomodasie en batebestuursplan.
- Diensvlakooreenkoms met Gemeenskapsveiligheid rakende misdada voorkoming, sekuriteit, gesondheid- en veiligheidsaangeleenthede.
- Memorandum van Verstandhouding met die departement van Gesondheid rakende Ouer Persone, Dwelmisbruik en persone met gestremdhede: asook
- Diensvlakooreenkoms met Sea Harvest Ko-operasie in die Weskus wat samewerking met die privaat sektor versterk om maatskaplike probleme aan te spreek.

5.3 Beskrywing van die proses van strategiese beplanning

Eerste konsep

- Die eerste konsep-JPP het inligting gekry van 'n ontleding van nasionale en provinsiale DMO-beleide en -prioriteite; 'n tendens- en situasie-ontleding van die bedryfsomgewing; 'n hersiening van prestasie van die verlede; die bepaling van programimperatiewe en die belyning daarvan met fiskale beperkinge en indikatiewe hulpbrontoekenings.
- Beplanningsvergaderings is met elke DMO-sub-program gehou en het op die volgende gefokus:
 - Oorsig oor vordering volgens strategiese plan vir 2010-2015
 - Oorsig oor prestasies gedurende 2012/13
 - Implikasies van nasionale en provinsiale prioriteite vir program
 - Versekering van 'n skakel tussen die situasie-ontledings, die fokus van programme, aanduiders en teikens.
- Ministeriële en Bestuurskomitee goedkeuring van JPP.

Tweede konsep

Die tweede konsep van die JPP is soos volg verfyn:

- MTUK-aanbieding waar prestasie teenoor doelwitte ontleed is, die aangeleenthede wat 'n impak sal hê op die Mediumtermyn-uitgawe is opgeteken, en belyning met die NOP, ONECAPE2040 en PSD-skakels is beklemtoon.
- 'n Bestuursbespreking is in November 2013 gehou, waar sleutelbesluite oor programprioriteite, herprioritisering en die impak daarvan op die begroting vir die beplande jaar geneem is.
- Die HVD-besluit om die 2013/14-sektoraanduiders in stand te hou, is as gevolg van die volgende geneem:
 - DMO het aan die OSW-sektor 'n onderneming gegee dat die aanduiders vir minstens twee jaar nie sal verander nie. Aanduiders wat verander, sal vereis dat die DMO meer as 2 000 kontrakte moet modifiseer aangesien aanduiders by OSW-kontrakte ingesluit is. Dit sal ook vereis dat ondersteunende dokumentasie wat vir ouditdoeleindes nodig is, herdefinieer moet word.
 - DMO het soortgelyke ondernemings aan die Provinsiale Parlementêre Portefeuljekomitee oor Gemeenskapsontwikkeling en die Staande Komitee

oor Openbare Rekeninge (SKOOR) gemaak, aangesien hierdie liggame hulle kommer geopper het oor die gedurige verandering van aanduiders, wat dit onmoontlik maak om basislyne in te stel en om vordering van die Departement oor meer as een boekjaar te volg.

- o Elke keer wanneer aanduiders verander word, moet nuwe basislyne en teikens opgestel word. Dit stel die MTUK-proses wat tans aan die gang is in gevaar.

DMO sal die nuwe sektoraanduiders by sy JPP en Kwartaallikse Prestasieverlae insluit, maar sal nie in staat wees om teikens te stel of om volgens teikens verslag te doen nie.

- 'n Beplanningswerkswinkel is op 18 November 2013 met program- en streeksbestuur gehou. Die doelwit was om te verseker dat die teikens wat gestel word, realisties en haalbaar is. Hierdie proses het 'n ontleding van die kwartaallikse programprestasie van die eerste twee kwartale van 2013/14 ingesluit om werklike vordering teenoor gestelde teikens te meet.
- Goedkeuring van die MTUK-dokument deur die Bestuurskomitee en Minister.

Derde konsep

Dit het daarop gefokus om die algemene gehalte van die finale JPP te konsolideer, te versterk en te verbeter deur:

- te assesser en, waar moontlik, deur die nuwe stel Sektoraanduiders wat op 19 Desember 2013 van die nasionale kantoor ontvang is, by die JPP te integreer
- die bywerking en verfyning van die situasie-ontleding
- individue samesprekings met elke subprogram te hou om die nuwe Sektoraanduiders te bespreek en om teikens te verfyn op grond van die werklike prestasie tot op datum
- die derde konsep van die JPP te verfyn in ooreenstemming met die konformiteitsverslag wat van Provinsiale Tesourie ontvang is.

5.4 Belyning met die Nasionale Ontwikkelingsplan, ONECAPE2040 en die provinsiale dwarsleggende stelsel

NOP-tema	ONECAPE 2040	PSD-skakeling	Belyning met JPP
Hoofstuk 9: Verbetering van Onderwys, Opleiding en Vernuwung	Opvoeding vir die Kaap	PSD 8: VKO-werkgroep; PSD 2	VKO-program
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Ondernemende Kaap; Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8: Werkgroep oor Ongeskiktheid	Ongeskiktheidsprogram
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8: Werkgroep oor Middelmisbruik; PSD 4	Middelmisbruikprogram
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8	Kindersorg- en -beskermingsprogram
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8; PSD 5	SBP-program
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8	Misdaadvoorkomingsprogram
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap	PSD 8: Naskool-werkgroep; PSD 5	Program vir volhoubare voortbestaan
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8	Familieprogram
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming	Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8, PSD4	Program vir ouer persone
Hoofstuk 11: Maatskaplike Beskerming; Hoofstuk 15: Transformasie van die	Onderrig die Kaap; Ondernemende Kaap; Verbind die Kaap; Lewende Kaap	PSD 8	Jeugontwikkelingsprogram

NOP-tema	ONECAPE 2040	PSD-skakeling	Belyning met JPP
Gemeenskap en Vereniging van die Land			

6 STRATEGIESE UITKOMSGEÖRIËNTEERDE DOELWITTE VAN DIE INSTANSIE

Die departementele strategiese beplanningsproses herbevestig die drie strategiese doelstellings soos vervat in die Strategiese Plan vir die belastingjare 2010 - 2015. Hierdie doelstellings is:

Strategiese Uitkomsgeöriënteer de Doelwit 1	Verbeterde Bestuur en Modernisering van Dienslewering
	Doelwitverklaring: Verbetering van bestuurs- en sektorprestasie deur doeltreffende en doelmatige sakeprosesse, modernisering van diensleweringstelsels en -strukture, navorsing, beplanning, inligting en prestasiebestuur.
	Regverdiging: Om die integriteit van sakeprosesse te verseker deur deursigtige en insluitende besluitneming en gefokusde implementering, sowel as monitering en verslaggewing. Sakeprosesse, stelsels en die organisatoriese strukture sal meer doeltreffend en doelmatig gemaak word om diensleweringverbetering vir almal in die provinsie te versterk.
	Skakels: Die doelwit skakel in by PSD 12: Bou die besbestuurde Streeksregering in die wêreld. Dit skakel ook nou met Nasionale Uitkoms 12: 'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeöriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap.
Strategiese Uitkomsgeöriënteer de Doelwit 2	Skep geleenthede deur gemeenskapsontwikkelingsdienste
	Doelwitverklaring: Skep geleenthede om individue en families te ondersteun om hulle vermoëns te verbeter om strategieë vir 'n volhoubare voortbestaan te ontwikkel deur die verskaffing van ontwikkelingsprogramme wat die bemagtiging van individue en gemeenskappe fasiliteer gebaseer op empiriese navorsing en demografiese inligting.
	Regverdiging: Dié doelwit is daarop gerig om maatskaplike insluiting en die vermindering van armoede te bevorder deur toegang te verskaf tot volhoubare gemeenskapsontwikkelingsprogramme om geleenthede te skep vir almal om selfonderhoudend te word.
	Skakels: Hierdie doelwit skakel in by PSD 8: Die Bevordering van Maatskaplike Insluiting en die Vermindering van Armoede. Dit skakel ook in by Nasionale Uitkoms 11: Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld.
Strategiese Uitkomsgeöriënteer de Doelwit 3	Skep 'n samelewing wat omgee deur ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste
	Doelwitverklaring: Skep 'n samelewing wat omgee deur toepaslike ontwikkelings- maatskaplike welsynsintervensies wat individue en families ondersteun en versterk, in vennootskap met belanghebbers en gemeenskapsorganisasies.
	Regverdiging: Hierdie doelwit is daarop gemik om 'n kontinuum van ontwikkelings- maatskaplike welsynsdienste te lewer aan alle kwesbare individue en groepe.

	sowel as om by te dra tot die bekamping van misdaad.
	Skakels: Hierdie doelwit skakel in by PSD 8: Bevorder Maatskaplike Insluiting en Bekamp Armoede. Dit skakel ook in by Nasionale Uitkoms 11: Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld.

**DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE AND PROGRAMMES
INFORMATION**

DEEL B: STRATEGIESE DOELWITTE EN PROGRAM INLIGTING

Hierdie deel van die Jaarlikse Prestasieplan stel die prestasieteikens vir die 2014/15 belastingjaar en oor die MTUR periode vir elke strategiese doelwit wat in Deel B van die Strategiese Plan uiteengesit word. Prestasie aanwysers wat die assessering van die oorkoepelende prestasie van elke program vergemaklik word ook ingesluit. Sedert die formulering van die Strategiese Plan 2010-2015 is aansienlike veranderings aangebring aan die strategiese doelwitte en teikens. Dit word in dié afdeling en in Bylae B weerspieël.

Die tabel hieronder gee die Programbegrotingstruktuur weer.

Programbegrotingstruktuur 2014/15

PROGRAMME	SUB-PROGRAMME
1. Administrasie	1.1. Kantoor van die LUR 1.2. Korporatiewe Bestuur 1.3. Distriksbestuur
2. Maatskaplike Welsynsdienste	2.1. Bestuur en Steun 2.2. Sorg en Dienste aan Ouer Persone 2.3. Dienste aan Persone met Gestremdhede 2.4. MIV/vigs 2.5. Maatskaplike Verligting
3. Kinders en Families	3.1. Bestuur en Steun 3.2. Sorg en Ondersteuningsdienste aan Families 3.3. Kindersorg- en Beskermingsdienste 3.4. VKO en Gedeeltelike Sorg 3.5. Kinder- en Jeugsorgsentrusms 3.6. Gemeenskapsgebaseerde Sorgdienste vir Kinders
4. Herstellende Dienste	4.1. Bestuur en Steun 4.2. Voorkoming van Maatskaplike Misdade en Steun 4.3. Slagofferbemaagtiging 4.4. Middelmisbruik, voorkoming en Rehabilitasie
5. Ontwikkeling en Navorsing	5.1. Bestuur en Steun 5.2. Gemeenskapsmobilisering 5.3. Institusionele Kapasiteitsbou en steun vir Organisasies sonder Winsoogmerk. 5.4. Armoedeverligting en Volhoubare Voortbestaan. 5.5. Gemeenskapsbebasseerde Navorsing en Beplanning 5.6. Jeugontwikkeling 5.7. Ontwikkeling van Vroue 5.8. Bevordering van Bevolkingsbeleid.

Nota: Sub-program 2.4 is geïnkorporeer in Sub-program 3.3.

7 Program 1: Administrasie

Doel

Hierdie program vat die strategiese bestuurs- en steundienste op alle vlakke van die Departement saam, d.i. provinsiale, streeks-, distriks- en fasiliteitsvlak. (Die opskrif Distriksbestuur word kragtens die Nasionale Begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO funksioneer op 'n streekskantoorbasis.)

Nota: Die Korporatiewe Diensentrum, wat gesetel is in die Departement van die Premier, voorsien die volgende ondersteuningsdienste aan die departement: Menslike Hulpbronbestuur.

Die program bestaan uit die volgende sub-programme:

PROGRAMBESKRYWING

Sub-program 1.1. KANTOOR VAN LUR

Voosien politieke en wetgewende skakeling tussen regering, burgerlike samelewing en ander relevante aandeelhouders.

Sub-programme 1.2. KORPORATIEWE BESTUUR

Maak voorsiening vir die strategiese rigting en die oorhoofse bestuur en administrasie van die DMO. Om beperkte voorsiening te maak vir onderhouds- en akkommodasiebehoefte.

Sub-programme 1.3. DISTRIKSBESTUUR

Maak voorsiening vir die desentralisasie, bestuur en administrasie van dienste op streeksvlak binne die Departement. (Die opskrif Distriksbestuur word kragtens die Nasionale Begrotingstruktuur voorgeskryf. Die Wes-Kaapse DMO werk egter op 'n Streekkantoorbasis.)

Programfokus

Vir hierdie boekjaar sal Program 1 op die volgende strategiese gebiede fokus:

- Implementering van die departement se organisatoriese struktuur om kapasiteit vir implementering en prestasiemonitering te versterk.
- Opleiding en kapasiteitsbou van maatskaplike werkers, toesighouers oor en bestuurders van maatskaplike werk om professionele groei te bevorder, om te

verseker dat daar op hoogte gebly word van die jongste kennis en ontwikkelings op die gebied van maatskaplike werk en om sodoende die gehalte van diens aan die armes en kwesbares te versterk.

- Verbeter prestasie- en bestuurspraktyke binne die Departement. Vlak van bestuursprestasie word deur die Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasie en die Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur geassesseer. Die Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasie is die instrument wat gebruik word om die gehalte van bestuurspraktyke volgens 'n omvattende reeks bestuursgebiede te assesseer. Die Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur is aanvaar en geïmplementeer met die doel om hoër vlakke van bestuursvolwassenheid stelselmatig oor die medium tot lang termyn te bereik. Die bedoeling is om 'n skoon audit te kry, d.w.s. volledige nakoming van die wette en regulasies en gedefinieerde interne kontroleprosesse. Die doelwitte van die Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur is om bevindinge van die vorige jaar te monitor, goeie bestuur en praktyke ten opsigte van rekenpligtigheid te verbeter en om beste praktyke te bevorder.

Strategiese doelwit	Om die gemoderniseerde organisatoriese struktuur vir dienslewering te implementeer.
Doelwitverklaring	Om die gemoderniseerde organisatoriese struktuur vir dienslewering te implementeer vir dienslewering vir verhoogde doeltreffendheid en effektiewe dienste teen Maart 2015.
Basislyn	Vlak van bestuursprestasie in terme van menslikehulpbronbeplanning (Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasie vlak)-3
Regverdiging	Om die doeltreffendheid van die PRWK vir verbeterde dienslewering te verhoog.
Skakels	Dié doelwit skakel in by PSD 10: <i>Integrasie van dienslewering vir maksimum impak</i> , en PSD 12: <i>Bou die besbestuurde provinsiale regering in die wêreld</i> . Dit skakel ook in by DMO se Strategiese Doelwit 1: <i>Verbeterde bestuur en gemoderniseerde dienslewering</i> . Dit skakel ook nou met Nasionale Uitkoms 12: <i>'n Doeltreffende, doelmatige en ontwikkelingsgeöriënteerde staatsdiens en 'n bemagtigde, billike en inklusiewe burgerskap</i> .

Stratetiese doelwit	Prestasie-aanduider vir Stratetiese Doelwit	Teiken van Stratetiese Plan	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermyn teikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Om die gemoderniseerde organisatoriese struktuur vir dienslewering te implementeer	Vlak van bestuursprestasie in terme van menslike hulpbronbeplanning (vlak van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasie)	3	-	-	Nuwe aanduider	3	3	3	3

Programprestasie-aanduider

Programprestasie-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermyn teikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal opleidingsintervensies vir maatskaplike werk en beroepe verwant aan maatskaplike werk	-	Nuwe aanduider	19	20	25	25	25
Die getal personeellede neem toe van 1 910 tot 2 121 (befondsde poste)	1 910 ³	1 763 ⁴	1 753	2 044 ⁵	2 121	2 208	2 277
Getal interns:							
• Getal gegradueerdes/voorgaadse interns	Nuwe aanduider	Nuwe aanduider	63	115 ⁶	115	115	115
• Getal van Internskapprogram van die Premier vir die Bevordering die Jeug	Nuwe aanduider	Nuwe aanduider	83	20 ⁷	20	20	20

³ Hierdie teiken sluit permanente personeel, kontrakaanstellings en interns in.

⁴ Hierdie teiken sluit slegs permanente personeel en kontrakaanstellings in.

⁵ Die goedgekeurde moderniseringstruktuur maak voorsiening vir 2 689 poste wat gevul sal word soos wat poste befonds word.

⁶ Die verhoogde teiken is in ooreenstemming met die DSA-vereiste dat interns 5% van die diensstaat moet uitmaak.

⁷ Seleksiekriteria vir interns op Internskapprogram van die Premier vir die Bevordering van die Jeug (gebaseer op minimum vereistes vir toelating tot h kwalifikasie in maatskaplike werk) het daartoe gelei dat minder kandidate aan die vereistes voldoen.

Kwartaalike uiteensetting

Prestasie-aanduider	Skakels met PSD	Verslag-tydperk	Jaarlike teiken 2014/15	Kwartaalike teikens				Kumulatief (K) / Nie-kumulatief (N/K)
				1ste	2de	3de	4de	
Getal opleidingsintervensies vir maatskaplike werk en beroepe verwant aan maatskaplike werk	10 en 12	Kwartaalike	25	0	10	10	5	K
Die getal dienslewingspersoneel neem toe van 1 910 tot 2 121 (befondsde goedgekeurde poste)	10 en 12	Jaarliks	2 121	0	0	0	2 121	N/K
Getal interns:								
<ul style="list-style-type: none"> Getal gegradueerde/voorgaadse interns 	10 en 12	Jaarliks	115	0	0	0	115	N/K
<ul style="list-style-type: none"> Getal Internskapprogramme van die Premier vir die Bevordering die Jeug 	10 en 12	Jaarliks	20	0	0	0	20	N/K

Strategiese doelwit	Lewer 'n ten volle doeltreffende finansiële bestuursfunksie aan die Departement
Doelwitverklaring	Lewer 'n ten volle doeltreffende finansiële bestuursfunksie om skoon ouditverslae te verseker deur die getal sake vir beklemtoning teen Maart 2015 te verminder.
Basislyn	Skoon oudit
Regverdiging	Hierdie doelwit sal bydra tot voldoening aan die statutêre vereistes (Wet op Openbare Finansiële Bestuur; Nasionale Tesourie, Batebestuurraamwerk/Riglyn en Inventarisbestuursraamwerk)
Skakels	Hierdie doelwit skakel in by PSD 12: <i>Die bou van die besbestuurde streeksregering in die wêreld</i> en by DMO Strategiese Doelwit 1: <i>Verbeter bestuur en modernisering van dienslewering</i> .

Strategic Objective	Deliver a fully effective financial management function to the department
Objective Statement	Deliver a fully effective financial management function to ensure clean audit reports by reducing the number of matters of emphasis by March 2015
Baseline	Clean audit
Justification	This objective will contribute to compliance with statutory requirements (PFMA; National Treasury, Asset Management Framework/ Guideline and Inventory Management Framework)
Links	This objective links to PSO 12: "Building the Best-Run Regional Government in the World" and to DSD Strategic Goal 1: "Improve governance and modernisation of service delivery".

Strategiese doelwit	Prestasie-aanduider vir Strategiese Doelwit	Teiken van Strategiese Plan	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/2016	2016/17
Lewer 'n ten volle doeltreffende finansiële bestuursfunksie aan die Departement	Skoon oudit jaarliks	Skoon oudit	Goedgekeurde oudit	Goedgekeurde oudit	Goedgekeurde oudit	Goedgekeurde oudit	Skoon oudit	Skoon oudit	Skoon oudit

Programprestasi-aanduider (Please check info on the tables vs ENGLISH)

Programprestasi-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Vlak van bestuursprestasi in terme van voorsieningskettingbestuur (vlak van Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi en Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur)	2+	2+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 FBVP: 2,7	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 4 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 4
Vlak van bestuursprestasi in terme van finansiële bestuur (vlak van Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi en Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur)	3	3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 2 FBVP: 3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 4 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 4
Getal finansiespersoneel met toepaslike tersiëre kwalifikasies	11	11	16	22	22	22	22

Kwartaallike uiteensetting

Programprestasi-aanduider	Skakeling met PSD	Verslagtydperk	Jaarlike teiken 2014/15	Kwartaallike teikens				Kumulatief/Niekumulatief
				1ste	2de	3de	4de	
Vlak van bestuursprestasi in terme van voorsieningskettingbestuur (vlak van Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi)	12	Jaarliks	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	-	-	-	Asseseringsinstrument vir Bestuursprestasi: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	N/K

Vlak van bestuursprestasië in terme van finansiële bestuur (vlak van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië)	12	Jaarliks	Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië:3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	-	-	-	Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië: 3 Hersieningsoorsig oor Korporatiewe Bestuur: 3+	N/K
Getal finansiespersoneel met toepaslike tersiëre kwalifikasies	12	Jaarliks	27	-	-	-	22	N/K

Strategiese doelwit	Om 'n gestandaardiseerde stelsel vir die bestuur van programprestasië-inligting op te stel en te implementeer.
Doelwitverklaring	Om te verseker dat die departement in staat is om te monitor en te evalueer, om nuttige en betroubare inligting te produseer en om prestasië-inligting in prestasië- en strategiese bestuur te gebruik.
Basislyn	Korporatiewe Bestuurshersiening en -vooruitsig: Vlak van vermoë ten opsigte van prestasië-inligting: 1 Vlak van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië: 4
Regverdiging	Demonstreeer dat prestasiëmoniteringstelsel en die prestasië-inligting wat dit produseer geloofwaardig en betroubaar is, geoudit kan word en dit moontlik maak om besigheidsbesluite te neem, en in ooreenstemming is met die raamwerk vir die bestuur van programprestasië-inligting.
Skakels	Hierdie doelwit skakel in by PSD 10: <i>Integrasië van Dienslewering vir Maksimum Impak</i> en PSD 12: <i>Bou die besbestuurde Streeksregering in die Wêreld</i> en DMO se Strategiese Doelwit 1: <i>Verbeter bestuur en modernisering van dienslewering</i> .

Strategiese doelwit	Prestasië-aanduier vir Strategiese Doelwit	Teiken van Strategiese Plan	Geouditeerde/Werklike prestasië			Geraamde prestasië 2013/14	Mediumtermteikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/2016	2016/17
Om 'n gestandaardiseerde stelsel vir die bestuur van programprestasië-inligting te ontwikkel en te implementeer	Skoon oudit oor prestasië-inligting jaarliks	Skoon oudit oor prestasië-inligting	-	-	-	Nuwe aanduier	Skoon oudit oor prestasië-inligting	Skoon oudit oor prestasië-inligting	Skoon oudit oor prestasië-inligting

Programprestasië-aanduier

Strategiese/Programprestasië-aanduier	Geouditeerde/werklike prestasië			Geraamde prestasië 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Vlak van bestuursprestasië in terme van programprestasië-inligting (vlak van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië)	-	-	Nuwe aanduier	3 ⁸	3	4	4

⁸ Kriteria van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasië verander jaarliks, d.i. bewys van prestasië wat voorheen op Vlak 4 gelys was, word nou op Vlak 3 gelys.

Kwartaallikse uiteensetting

Programprestasi-aanduider	Skakeling met PSD	Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2014/15	Kwartaallikse teikens				Kumulatief/Nie-kumulatief
				1ste	2de	3de	4de	
Vlak van bestuursprestasi in terme van programprestasi- inligting (vlak van Assesseringsinstrument vir Bestuursprestasi)	10 en 12	Jaarliks	3	-	-	-	3	N/K

7.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 1

Risiko	Vermindering van Risiko
<p>Nie-implementering van 'n gemoderniseerde dienslewingsproses het 'n impak op die doeltreffendheid van die departement se verbeterde dienslewering.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Deelname aan die nasionale proses vir generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2011). • Gereelde sirkulering van inligting oor vergoeding vir werk buite die staatsdiens vir alle personeel (kwartaalliks) • Verklaring van finansiële belang vir alle personeel (jaarliks) • Gedragskode versprei na alle personeellede (personeel teken by ontvangs) • MH-delegasies • Hersiening van begrotingshouerstatus • Hou werkwinkel oor hersiene dienslewingsdelegasies (deurlopend) • Ontwikkel standaardbedryfsprosedures (HK en Streke) • Skakel kontrakpersoneel om na status van permanente werknemers • Beursprogramme (ekstern) • Interne beursprogram • Program vir deurlopende professionele ontwikkeling (DPO) vir alle professionele personeellede • Die hersiening van prestasie-ooreenkomste (jaarliks)
<p>Tekort aan akkurate, geldige en betroubare data en volledige datastelle oor prestasie-inligting het 'n impak op die departement se vermoë om oor sy diensleweringsteikens verslag te doen en dit is die gevolg van die ondoeltreffende aanwending van 'n prestasie-inligtingsbestuurstelsel.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Hersien moniterings- en evaluasiefunksies en bring dit in lyn met die regeringswye M&E-benadering van die organisasie • Hersien die bestaande M&E-strategie • Ontwikkel en implementeer implementeringsplan vir programprestasie-inligting
<p>Onvermoë om 'n ten volle doeltreffende finansiële bestuursfunksie aan die Departement te lewer, het 'n impak op die nakoming van statutêre vereistes (Wet op Openbare Finansiële Bestuur; NT;</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Plan is in plek om finansiespersoneel se kwalifikasies te verbeter • Aksieplan is in plek vir institutionalisering van VKB-prosesse • Die skep van voorrade op streeksvlak

Risiko	Vermindering van Risiko
<p>Batebestuursraamwerk/Riglyn en Inventarisbestuursraamwerk) en is die gevolg van bevoegdheid van finansiespersoneel en toereikendheid van finansiële stelsels en prosedures.</p>	<p>(desentralisering)</p> <ul style="list-style-type: none"> Assessering van die bevoegdheid van die finansiële organisatoriese struktuur (in vennootskap met DvdP se Organisasoriese Ontwikkeling)

7.2 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

7.2.1 Uitgaweberamings

Ekonomiese klassifikasie

Summary of payments and estimates - Programme 1: Administration										
Department of Social Development										
Sub-programme R'000	Outcome			Main appropriation 2013/14	Adjusted appropriation 2013/14	Revised estimate 2013/14	Medium-term estimate			% Change from Revised estimate 2013/14
	Audited 2010/11	Audited 2011/12	Audited 2012/13				2014/15	2015/16	2016/17	
	1. Office of the MEC	4 931	4 978				5 730	5 557	6 066	
2. Corporate Management	93 564	127 016	125 996	117 389	129 885	129 885	160 051	150 009	147 632	23.23
3. District Management	79 407	52 189	45 692	52 969	48 608	48 608	56 776	57 156	60 181	16.80
Total payments and estimates	177 902	184 183	177 418	175 915	184 559	184 559	222 931	213 578	214 566	20.79

Summary of provincial payments and estimates by economic classification - Programme 1: Administration										
Department of Social Development										
Economic classification R'000	Outcome			Main appropriation 2013/14	Adjusted appropriation 2013/14	Revised estimate 2013/14	Medium-term estimate			% Change from Revised estimate 2013/14
	Audited 2010/11	Audited 2011/12	Audited 2012/13				2014/15	2015/16	2016/17	
	Current payments	150 848	152 247				166 409	166 667	166 886	
Compensation of employees	109 164	111 334	129 182	123 181	125 666	125 666	147 101	152 442	155 391	17.06
Goods and services	41 354	40 752	37 227	43 486	41 220	41 252	49 357	51 180	48 688	19.65
Interest and rent on land	330	161								
Transfers and subsidies to	88	293	1 014		142	142	157	167	179	10.56
Provinces and municipalities										
Departmental agencies and accounts			5		7	7	8	9	11	14.29
Non-profit institutions										
Households	88	293	1 009		135	135	149	158	168	10.37
Other transfers to households										
Payments for capital assets	21 674	31 615	9 906	9 248	17 531	17 499	26 316	9 789	10 308	50.39
Buildings and other fixed structures							17 000			
Machinery and equipment	21 674	31 615	9 906	9 248	17 531	17 499	9 316	9 789	10 308	(46.76)
Payments for financial assets	5 292	28	89							
Total economic classification	177 902	184 183	177 418	175 915	184 559	184 559	222 931	213 578	214 566	20.79

7.2.2 Prestasie- en uitgawetendense

Daar sal voortgegaan word om die DMO se planne en begrotings in 'n ander rigting te stuur vir die mees ekonomiese, doeltreffende en doelmatige passing tussen gemeenskapbehoefte, nasionale en provinsiale strategiese prioriteite, waarvan die belangrikste die Provinsiale Strategiese Doelwit 10 is: Integrasie van dienslewering vir

maksimum impak, en PSD 12: Bou die besbestuurde provinsiale regering in die wêreld.

Gedurende hierdie MTUR-tydperk sal die volgende strategiese besluite die bereiking van die strategiese uitkomst beïnvloed:

- Verbeterings ten opsigte van die integriteit van nie-finansiële data: verbeter ons vermoë om meer omvattende monitering te doen van vennote wat organisasies sonder winsoogmerk is en eie dienste. Dit sluit die versameling en verifiëring van nie-finansiële data in (voorafbepaalde doelwitte) en prosesse, stelsels en belangrike kontroles moet in plek gestel word. Die doel hiervan is om regdeur die organisasie die geldigheid, akkuraatheid en volledigheid van prestasiedata te verseker en om regdeur die organisasie betroubare en tydige inligting vir die neem van besigheidsbesluite beskikbaar te stel.
- Voorsiening word gemaak vir die aanstel van permanente personeel, met insluiting van die nuwe HFA-struktuur en interns, meer intensiewe opleiding en die ontwikkeling van personeel, die verbetering van stelsels en die herleiding van hulpbronne na dienslewingsgebiede.

The DSD's plans and budgets will continue to be redirected for the most economic, effective and efficient fit between community needs, National and Provincial strategic priorities, of which the most significant is PSO10: Integrating service delivery for maximum impact, and PSO12: "Building the best run provincial government in the world"

8 Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste

Doel

Hierdie programme verskaf geïntegreerde ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbers en organisasies in die burgerlike samelewing.

Situasie-ontleding

Volgens Sensus 2011 het die Wes-Kaap 520 785 persone van 60 jaar en ouer. Die meeste van die bejaardes (60,9%) woon in die Kaapstad Metro, gevolg deur Eden (12,7%) en die Kaapse Wynland (12,1%). Die Sentraal-Karoo (1,3%) het die laagste persentasie ouer persone in die provinsie, met die Overberg en Weskus wat onderskeidelik 6,1% en 6,9% het. In terme van geslag is daar meer vroue as mans. Die meeste van die ouer mans (44,81%) is in die ouderdomsgroep 65-69 jaar, terwyl die meeste van die vroue 85 jaar en ouer is. 44,4% van die ouer persone het 'n inkomste van tussen R801- R1 600, maar wat kommerwekkend is, is dat 15% van die ouer persone aangedui het dat hulle nie 'n inkomste het nie (Sensus 2011).

Die getal persone van 60 jaar en ouer het tussen die sensus van 2001 en 2011 met 48% toegeneem, terwyl die totale bevolking slegs met 29% toegeneem het in dieselfde tydperk. Dit het belangrike implikasies vir dienslewering vir ouer persone. In dieselfde tydperk het die getal ouer persone van 85 jaar en ouer met 73% toegeneem. Dit het veral implikasies vir die lewering en ondersteuning van dienste vir verswakke bejaardes.

Volgens Sensus 2011 is daar ses kategorieë van gestremdheid: sig; gehoor; geheue; mobiliteit; kommunikasie; en selfversorging. Die sesde kategorie het te doen met 'n individu se vermoë om vir hom- of haarself te sorg. Ongeveer 1 041 553 persone in die Wes-Kaap het aangedui dat hulle met verskillende gestremdhede saamleef, buiten selfversorging. Die meeste persone wat met 'n gestremdheid leef (648 113) woon in die Kaapstad Metro. Gesiggestremdheid is die gestremdheid wat die meeste aangemeld is (477 510), gevolg deur gestremdheid ten opsigte van mobiliteit (169 983), gestremdheid ten opsigte van geheue (161 266), gehoorgestremdheid (135 880), en gestremdheid ten opsigte van kommunikasie (96 838). Sensus rapporteer dat 190 929 persone nie in staat is om vir hulself te sorg nie.

Sub-Program 2.1. Bestuur en Steun

Doelwit van Sub-program

Maak voorsiening vir die betaling van salarisse en administrasiekostes van die bestuurs- en ondersteuningspersoneel wat dienste aan alle sub-programme van hierdie program lewer.

Sub-program 2.2 Sorg en Dienste aan Ouer Persone

Doelwit van Sub-program

Ontwerp en implementeer geïntegreerde dienste vir die versorging, steun en beskerming van ouer mense.

Programfokus

Die Program vir Ouer Persone het 'n ontwikkelingsbenadering ten opsigte van veroudering, wat poog om ouer persone so lank as moontlik in hulle families en gemeenskappe te hou. Die hoofdoelwit sal wees om ouer persone te versorg, te ondersteun en te beskerm met 'n sterk fokus op die armes en kwesbares binne gemeenskappe. Die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, sal voortgaan om leiding te gee aan hierdie program en die volgende strategiese verskuiwings sal progressief geïmplementeer word:

- Van maatskaplike welsyn na maatskaplike ontwikkeling: dit sal aansienlik bydra tot die verhoging van deelname en onafhanklikheid deur ouer persone.
- Van regte na regte en verantwoordelikhede: die klem op inligting en kommunikasie oor wetgewing, beleide en regeringsdienste aan ouer persone en diensverskaffers.
- Van reaktief na pro-aktief; die identifisering van kwesbare individue en kwessies en ingryping voor 'n krisis ontstaan.
- Dit sal in werklikheid beteken dat 'n instaatstellende omgewing geskep moet word (bv. toegang tot Dienssentrums vir Ouer Persone, dienste vir tuisgebaseerde versorging, ensovoorts) om 'n ouer persoon in staat te stel om vir so lank as moontlik in die gemeenskap te leef. Of alternatiewe toelating tot 'n residensiële fasiliteit oorweeg word wanneer die vlak van verswakking van 'n ouer persoon sodanig is dat daar nie op ander maniere behoorlik daaraan aandag gegee kan word nie.

Met die prioritisering van behoeftes binne die beskikbare hulpbronne, sal die program op die volgende intervensies fokus:

- Daar is steeds 'n behoefte aan residensiële versorgingsfasiliteite vir verswakte ouer persone, ten spyte van die relatiewe hoë koste. Om voorsiening te maak vir die oorblywende behoeftes in gemeenskappe waar hierdie dienste nie bestaan nie, sal modelle vir alternatiewe sorg en steun verder ondersteun word en in sekere geografiese gebiede waar die grootste behoefte is, geleidelik uitgebrei word. Dit verwys na dagsorgsentrums, dienssentrums, klubs vir senior burgers, respytsorgdienste, onafhanklike lewe en bystandsfasiliteite wat die konsep om ouer persone so lank as moontlik binne die gemeenskappe te hou, bevorder.
- Die Wet op Ouer Persone skryf drie verskillende soorte residensiële fasiliteite voor, naamlik onafhanklike lewe, fasiliteite vir bystand en sorg vir verswakte bejaardes om vir ouer persone die geleentheid te gee om toegang tot hierdie fasiliteite te kry volgens hulle fisiese en gesondheidsbehoefte. Ouer persone kan dus inwoners van fasiliteite vir onafhanklike lewe en van bystandsfasiliteite wees terwyl hulle voortgaan om in gemeenskappe te bly en ondersteun word deur die nodige dienste wat deur middel van gemeenskapsgebaseerde versorgingsinisiatiewe beskikbaar gestel word.
- Die program sal voortgaan om 'n instaatstellende omgewing te skep ten einde die kapasiteit, selfdeelname, welsyn en beskerming van ouer persone in stand te hou terwyl daar terselfdertyd seker gemaak word dat hoëgehaltedienste deur diensverskaffers gelewer word. Hoewel dit nie in 'n posisie is om enige nuwe dienste aansienlik uit te brei om voldoende aandag te gee aan die Wes-Kaapse bevolkingsdinamika vir ouer persone nie, sal dit daarna streef om verskeie behoeftes te balanseer deur die gehalte van bestaande dienste uit te brei en in stand te hou, wat in ooreenstemming sal wees met die Wet op Ouer Persone sowel as diensleweringnorme en -standaarde.
- Om die bogenoemde te bereik, het die program die befondsingsvlakke hersien om sorg en steun vir ouer persone in Residensiële Fasiliteite en Gemeenskapsgebaseerde Sorgondersteuningsentrusms te verseker as deel sy strategie om bestaande maatskaplikewelsynsdienste vir ouer persone in die Provinsie in stand te hou en te ondersteun.
- Met die oog op die verskillende sosio-ekonomiese veranderlikes wat 'n negatiewe impak op die lewensgehalte en welsyn van ouer persone kan hê, sal die program

dienste wat gelewer word deur 'n verskeidenheid OSW-vennote wat gespesialiseerde dienste lewer, in stand hou.

Strategiese doelwit	Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van 'n hoë gehalte vir arm en kwesbare ouer persone.
Doelwitverklaring	Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelingsdienste van 'n hoë gehalte deur teen Maart 2015 sorg, steun en beskerming aan 22 824 ⁹ arm en kwesbare ouer persone in die Wes-Kaap te voorsien.
Basislyn	Getal kwesbare ouer persone met toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van 'n hoë gehalte in die Provinsie: 33 267.
Regverdiging	Die Program vir Ouer Persone koördineer en fasiliteer toegang tot hoëgehaltedienste om kwesbare ouer persone in die Provinsie te versorg, te ondersteun en te beskerm. Dit is 'n regsmandaat dat die departement dienste aan ouer persone lewer om nakoming van die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, te verseker.
Skakels	<p>Hierdie doelwit skakel in by PSD 4: <i>Verhoging van Welsyn</i>, PSD 8: <i>Bevordering van maatskaplike insluiting en vermindering van armoede</i> en DMO se Strategiese Doelwit 3: <i>Skep 'n gemeenskap wat omgee deur middel van ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste</i>. Dit skakel ook in by Nasionale Uitkoms 2: <i>'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikanners</i>, en Nasionale Uitkoms 11: <i>Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld</i>.</p> <p>Ander skakels: Hierdie doelwit is direk gekoppel aan die implementering van die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, wat op 1 April 2010 in werking getree het. Met die verskaffing van toegang tot hoëgehaltedienste aan kwesbare ouer persone, betrek die program vennote van die sewe departementele programme, die OSW-sektor, ander staatsdepartement, tersiêre instellings en plaaslike owerhede.</p>

⁹ Hierdie teiken sluit verskeie befondsde organisasies wat DMO ondersteun in die lewering van vroeë intervensie en statutêre maatskaplikewerkdienste om sorg, ondersteuning en beskerming van kwesbares ouer persone te verseker, nie in nie.

Strategiese doelwit	Prestasie-aanduider vir Strategiese Doelwit	Teiken van Strategiese Plan	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Verseker toegang tot maatskaplikeontwikkelings-dienste van hoë gehalte vir arm en kwesbare ouer persone.	Getal kwesbare ouer persone met toegang tot maatskaplike-ontwikkelingsdienste van hoë gehalte in die provinsie.	25 944	36 953	33 252 ¹⁰	42 122 ¹¹	33 267 ¹²	22 824 ¹³	22 824	22 824

SEKTORPRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasie-aanduider		Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
		2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
	Getal ouer persone wat toegang kry tot befondsde residensiële fasiliteite	Nuwe aanduider	9 654	5 746	9 720 ¹⁴	9 790	9 790	9 790
	Getal ouer persone wat toegang kry tot gemeenskapsgebaseerde versorgings- en steundienste	15 800	15 464	16 867	15 837 ¹⁵	12 600 ¹⁶	12 600	12 600

Kwartaallikse uiteensetting

¹⁰ Daling in teiken is die gevolg van die program vir die goue spele wat gestop is.

¹¹ Styging in teiken is die gevolg van 'n bewustheidsprogram vir nuwe organisasies wat betrokke raak.

¹² Die daling in die geraamde prestasie is die gevolg van 'n bewustheidsprogram wat beëindig is.

¹³ Getal mense aan wie programme vir aktiewe veroudering, bewustheid van demensie en ondersteuning vir ouer persone gegee word, is nie by hierdie teiken ingesluit nie.

¹⁴ Hierdie teiken sluit Kategorie 1 (onafhanklike, gesonde ouer persone), 2 (ouer persone wat hulp nodig het en wat tekens van agteruitgang toon) en 3 (versorging vir verswakte bejaardes) in. Voorheen is slegs Kategorie 3 getel.

¹⁵ As gevolg van nie-nakoming van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, is die befonding van ongeveer 10 dienssentrums beëindig.

¹⁶ Verandering in fokus van lede na deelnemers (minimum 80% van lidmaatskap).

Programprestasie-aanduider		Skakeling met PSD	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2014/15	Kwartaallikse teikens				Nie-kumulatief
					1ste	2de	3de	4de	
	Getal ouer persone wat toegang kry tot befondsde residensiële fasiliteite	8	Kwartaalliks	9 790	9 790	9 790	9 790	9 790	N/K
	Getal ouer persone wat toegang kry tot gemeenskapsgebaseerde sorg- en ondersteuningsdienste	8	Kwartaalliks	12 600	12 600	12 600	12 600	12 600	N/K

PROVINSIALE PRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasie-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal ouer persone wat toegang kry tot fasiliteite vir bystand en vir onafhanklike lewe wat deur die DMO befonds word	-	Nuwe aanduider	247	350 ¹⁷	434	434	434

Kwartaallikse uiteensetting

Programprestasie-aanduider		Skakeling met PSD	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2016/17	Kwartaallikse teikens				Kumulatief/ Nie-kumulatief
					1ste	2de	3de	4de	
	Getal ouer persone wat toegang kry tot fasiliteite vir bystand en vir onafhanklike lewe wat deur die DMO befonds word	8	Jaarliks	434	-	-	-	434	N/K

¹⁷ Meer Kategorie 1-inwoners word in eenhede vir bystand geplaas. Dit is 'n gemeenskapsgebaseerde model wat kragtens die Wet op Ouer Persone, 13 van 2006, gevolg word.

Sub-program 2.3 Dienste aan Persone met Gestremdhede

Doelwit van Sub-program

Ontwerp en implementeer geïntegreerde programme en lewer dienste wat die bevordering van die welsyn en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede fasiliteer.

Programfokus

Die fokus vir 2014/15-boekjaar sal op die volgende val:

- Instandhouding en versterking van die bestaande infrastruktuur vir maatskaplike welsyn vir die voorsiening van geïntegreerde programme en dienste wat gerig is op die bevordering van die regte, welsyn en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede en hulle families/versorgers.
- Brei gemeenskapsreaksieprogramme uit deur dagsorgprogramme vir mense met gestremdhede onder die ouderdom van 18 jaar te ondersteun as 'n alternatief vir institutionalisering in 'n poging om aandag te gee aan die toenemende vraag na residensiële sorgdienste.
- Vroeë intervensie en steunprogramme wat gerig is op kinders met gestremdhede sowel as hulle families/ouers/versorgers, met meer klem op intellektuele ongeskiktheid.
- Steun aan spesiale dagsorgsentrumms vir kinders met ernstige en erge intellektuele gestremdhede in ooreenstemming met die hofbevel: saaknommer: 18678/2007.
- Versterking van werksverhoudings met alle groot diensverskaffers en organisasies vir gestremdes met die doel om die voorsiening van maatskaplike dienste aan persone met gestremdhede te verbeter.

Strategiese doelwit	Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan mense met gestremdhede en hulle families/versorgers.
Doelwitverklaring	Om voorsiening van geïntegreerde programme en dienste te fasiliteer om die regte, welsyn en sosio-ekonomiese bemagtiging van mense met gestremdhede en hulle families in die provinsie te bevorder en om teen Maart 2015, 64 788 mense te bereik.
Basislyn	Getal mense met gestremdhede en hulle families/versorgers wat toegang het tot ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste in die Provinsie: 64 784.
Regverdiging	Hierdie doelwit sal bydra tot integrasie en sal help om gestremdheid in die hoofstroom te plaas, sowel as om mense met gestremdhede, families/versorgers en gemeenskappe te bemagtig.
Skakels	<p>Skep geleenthede deur middel van beskermde werkwinkels en hoofstroomekonomie, en skep ook 'n samelewing wat omgee deur die bevordering en beskerming van die regte en welsyn van mense met gestremdhede.</p> <p>Hierdie doelwit skakel in by die DMO se Strategiese Doelwit 3: Skep 'n samelewing wat omgee deur middel van ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste, en PSD 8: Die bevordering van maatskaplike insluiting en die vermindering van armoede.</p> <p>Dit skakel ook in by Nasionale Uitkoms 2: 'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners, en Nasionale Uitkoms 11: Skep 'n beter Suid-Afrika en dra by tot 'n beter en veiliger Afrika in 'n beter wêreld.</p> <p>Ander skakels: Die doelwit is direk gekoppel met die Nasionale Beleid oor die Voorsiening van Maatskaplikeontwikkelingsdienste aan Mense met Gestremdhede. Verskaf toegang tot hoëgehaltedienste aan mense met gestremdhede in samewerking met die vennote van die Ongeskiktheidsprogram regdeur die 6 departementele programme, 6 Streekskantore, OSW-sektor, ander departemente en plaaslike owerhede.</p>

Strategiese doelwit	Tabel van Aanduider van Strategiese Doelwit	Teiken van Strategiese Plan	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Voorsiening van geïntegreerde programme en dienste aan mense met gestremdhede en hulle families/versorgers	Getal mense met gestremdhede, hulle families/versorgers wat toegang kry tot ontwikkelingsmaatskaplike-welsynsdienste	64 788	21 730	159 921 ¹⁸	18 312 ¹⁹	64 784 ²⁰	64 788 ²¹	64 860	

SEKTORPRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasie-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal persone met gestremdhede in befondsde residensiële fasiliteite.	1 366	1 380	1 347	1 427 ²²	1 427	1 427	1 427
Getal persone met gestremdhede wat toegang kry tot dienste in befondsde beskermde werksinkels	2 549	2 523	1 952	2 511 ²³	2 511	2 511	2 511

Kwartaallikse uiteensetting

Programprestasie-aanduider	Skaling met PSD	Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2014/15	Kwartaallikse teikens				Kumulatief/ Nie-kumulatief
				1ste	2de	3de	4de	
Getal persone met gestremdhede in befondsde residensiële fasiliteite	8	Kwartaalliks	1 427	1 427	1 427	1 427	1 427	N/K
Getal persone met gestremdhede wat toegang kry tot dienste in befondsde beskermde werksinkels	8	Kwartaalliks	2 511	2 511	2 511	2 511	2 511	N/K

¹⁸ Toename is die gevolg van bewustheidsprogramme, met insluiting van die radio en gedrukte media.

¹⁹ Afname as gevolg die uitsluiting van die radio sowel as gedrukte media.

²⁰ Verhoogde prestasie as gevolg van meer mense wat deur middel van gespesialiseerde ondersteuningsdienste en opvoedkundige programme bereik is.

²¹ Werklike prestasie vir 2013/14 was hoër as projeksies ten opsigte van gespesialiseerde ondersteuningsdienste, en vandaar die verhoging in projeksies vir 2014/15.

²² Toename in bedspasie.

²³ Belyn met OSW-teiken.

PROVINSIALE PRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasi-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermyn teikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal persone met gestremdhede in gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme wat deur die DMO befonds word	-	-	Nuwe aanduider	600	600	672	672
Getal mense wat toegang kry tot OSW gespesialiseerde steundienste wat deur die DMO befonds word	-	-	Nuwe aanduider	60 246	60 250	60 250	60 250

Kwartaallikse uiteensetting

Programprestasi-aanduider	Skaling met PSD	Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2014/15	Kwartaallikse teikens				Kumulatief/ Nie-kumulatief
				1ste	2de	3de	4de	
Getal persone met gestremdhede in DMO befondsde gemeenskapsgebaseerde dagsorgprogramme	8	Kwartaallikse	600	600	600	600	600	N/K
Getal mense wat toegang kry tot DMO befondsde OSW gespesialiseerde steundienste	8	Kwartaallikse	60 250	15 062	15 063	15 062	15 063	K

Sub-program 2.4 MIV/vigs

Doelwit van Sub-program

Ontwerp en implementeer geïntegreerde gemeenskapsgebaseerde sorgprogramme en -dienste gerig op die verligting van die maatskaplike impak van MIV en vigs.

Programfokus

'n Beleidsbesluit is geneem dat MIV/vigs-intervensies en begroting by die Kindersorg- en Beskermingsprogram geïntegreerde sal word.

SEKTORPRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasi-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermyn teikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal begunstigdes wat psigo-sosiale steundienste ontvang	-	-	-	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Getal organisasies opgelei in maatskaplike en gedragsveranderingsprogramme	-	-	-	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Getal mense bereik deur maatskaplike en gedragsveranderingsprogramme	-	-	-	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie
Getal gemeenskapsgesprekke oor MIV/vigs-reaksie wat plaasgevind het	-	-	-	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie

Sub-program 2.5 Maatskaplike Verligting

Doelwit van Sub-program

Om te reageer op noodbehoefte wat geïdentifiseer word in gemeenskappe wat geraak word deur rampe wat nie verklaar is nie en/of enige ander maatskaplike omstandighede wat uitloop op buitengewone lyding.

Programfokus

Die Subprogram vir Maatskaplike Verligting gee tydelike finansiële en materiële bystand aan mense wat in ernstige nood is en wat nie in die basiese behoeftes van hul families en hulself kan voorsien nie. Maatskaplike Verligting van Nood (MVN) is die tydelike voorsiening van bystand deur die regering aan sulke individue en hul families. Die Wet op Maatskaplike Bystand (13 van 2004) bevat die kriteria waaraan hierdie individue moet voldoen om oorweeg te word vir die toelae. Die program vir maatskaplike verligting maak ook voorsiening vir diegene wat geraak is deur 'n ramp, soos omskryf in die Wet op Rampbestuur (57 van 2002). Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SAMSA) is tans die begrotingshouer van die twee

toelaekategorieë. Maatskaplike verligting van nood is die tydelike voorsiening van hulp deur die regering aan sodanige individue en hulle families.

Strategiese doelwit	Om toegang tot onmiddellike en tydelike maatskaplike verligting van nood aan diegene wat deur buitengewone lyding geraak word, te fasiliteer.
Doelwitverklaring	Om teen Maart 2015 toegang tot onmiddellike humanitêre verligting te fasiliteer vir mense wat kwalifiseer ten einde buitengewone lyding en die impak van rampgebeure te verlig.
Basislyn	Getal persone wat dienste vir maatskaplike verligting van nood ontvang: 38 386
Regverdiging	Om toegang tot onmiddellike humanitêre verligting en psigo-sosiale berading vir mense wat deur rampe en/of buitengewone lyding geraak word, te fasiliteer.
Skakels	<p>Skakel met Strategiese Doelwit: <i>Skep geleenthede deur middel van gemeenskapsontwikkelingsdienste en Skep 'n samelewing wat omgee deur middel van ontwikkelingsmaatskaplikewelsynsdienste.</i></p> <p>Skakel met die Nasionale Uitkoms: <i>Skep volhoubare menslike nedersettings en verbeter die gehalte van huislike lewe.</i></p> <p>Skakel met PSD 8: <i>Bevordering van maatskaplike insluiting en vermindering van armoede.</i></p> <p>Ander skakels: VN se Millennium-ontwikkelingsdoelwitte, armoedeverligting-strategieë.</p>

Strategiese doelwit	Prestasie-aanduider vir Strategiese Doelwit	Teiken van Strategiese Plan	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermyn-teikens		
			2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Om toegang tot maatskaplike verligting van nood aan diegene wat deur rampe en buitengewone lyding geraak word, te fasiliteer	Getal persone wat dienste vir verligting van maatskaplike nood ontvang	15 742	5 205	35 005	22 448	38 386 ²⁴	15 742	15 742	15 742

²⁴ Addisionele SASMA-begroting is vanjaar beskikbaar gestel vir voordele vir buitengewone lyding.

SEKTORAANDUIDERS

Programprestasie-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal begunstigdes wat voordeel getrek het uit programme vir maatskaplike verligting van nood	-	-	-	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie	Nie van toepassing nie

PROVINSIALE PRESTASIE-AANDUIDERS

Programprestasie-aanduider	Geouditeerde/werklike prestasie			Geraamde prestasie 2013/14	Mediumtermteikens		
	2010/11	2011/12	2012/13		2014/15	2015/16	2016/17
Getal huishoudings wat voordeel vir buitengewone lyding ontvang	-	-	Nuwe aanduider	7 401 ²⁵	1 740	1 740	1 740
Getal slagoffers van brandrampe wat dienste vir maatskaplike verligting van nood ontvang	-	-	Nuwe aanduider	8 782	8 782	8 782	8 782

Kwartaallikse Uiteensetting

Programprestasie-aanduider	Skaling met PSD	Verslagtydperk	Jaarlikse teiken 2014/15	Kwartaallikse teikens				Kumulatief/ Nie-kumulatief
				1ste	2de	3de	4de	
Getal huishoudings wat voordeel vir buitengewone lyding ontvang	8	Kwartaalliks	1 740	435	435	435	435	K
Getal slagoffers van brandrampe wat dienste vir maatskaplike verligting van nood ontvang	8	Kwartaalliks	8 782	2 195	2 195	2 196	2 196	K

²⁵ Addisionele SASMA-begroting is vanjaar beskikbaar gemaak vir voordele vir buitengewone lyding.

8.1 RISIKOBESTUUR VIR PROGRAM 2

Risiko's	Vermindering van Risiko
<ul style="list-style-type: none"> As gevolg van die snelle toename in die ouer bevolking in die Provinsie, kan die gehalte van dienste moontlik in gevaar gestel word. 	<ul style="list-style-type: none"> Verskuiwing na gemeenskapsgebaseerde dienste.
<ul style="list-style-type: none"> Nie-nakoming deur diensverskaffers sal dienslewering belemmer. 	<ul style="list-style-type: none"> Lynmonitering en voortgesette steun.
<ul style="list-style-type: none"> 'n Breuk in diensleweringsevennootskappe kan die voorsiening van onmiddellike maatskaplike verligting aan mense wat deur rampe geraak word, belemmer. 	<ul style="list-style-type: none"> Reggestel deur tydige voorlegging van betalingsgoedkeurings aan SAMSA en die instandhouding van 'n gesonde kommunikasiestruktuur met alle toepaslike rolspelers.
<ul style="list-style-type: none"> Wanbelyning tussen Maatskaplike Ontwikkeling en SAMSA oor die benadering tot die implementering van MVN kan die voorsiening van tydige dienste vir maatskaplike verligting aan teikengroepe wat geraak word, belemmer. 	<ul style="list-style-type: none"> Indien daar gehou word by die formele Diensvlakooreenkoms tussen die twee entiteite, sal die gesamentlike diensleweringreaksie ten opsigte van die instelling van MVN versterk word.

8.2 Rekonsiliasie van prestasietekens met die begroting en MTUR

8.2.1 Uitgaweberamings

Ekonomiese klassifikasie

Summary of payments and estimates - Programme 2: Social Welfare Services Department of Social Development											
Sub-programme R'000	Outcome			Main appro- priation 2013/14	Adjusted appro- priation 2013/14	Revised estimate 2013/14	Medium-term estimate			% Change from Revised estimate 2013/14	
